

Misplaaste weldade en griewe van die “Liquorice Allsorts-gesinnetjie”: ’n Regsletterkundige verkenning van Zelda Bezuidenhout se *Die waarde van stil bure*

Magda Slabbert en Melodie Labuschaigne

Magda Slabbert en Melodie Labuschaigne, Departement Jurisprudensie, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Die reg-en-letterkunde-vakterrein, in Suid-Afrika nog in ’n ontwikkelende fase, is ’n interdisiplinêre studieveld wat onder andere gemoeid is met die vertolking van regsaspekte in fiksie. Lesers word in staat gestel om krities te besin oor die rol en funksie van die reg in ’n breër konteks, asook om komplekse maatskaplike en regs kwessies soos wetteloosheid, diskriminasie en ongeregtigheid binne ’n bepaalde konteks te evalueer. Die sentrale tema in Zelda Bezuidenhout se 2021-roman *Die waarde van stil bure* is ongeoorloofde stamselnavorsing en ’n stamselbehandeling, wat die konteks stel en die leser uitdaag om self krities te besin oor die etiese, regs- en morele geldigheid van die betrokke karakters se optrede. Stamselnavorsing is ’n nuwe en onverkende onderwerp in die Afrikaanse letterkunde. Fiksie is by uitstek geskik om sosiale bewusmaking van dié onderwerp te bevorder, wat uiteindelik sosiale belangstelling en betrokkenheid by die regulering van nuwe biomediese tegnologie, soos stamselnavorsing en -terapie, genoomnavorsing en genoomkartering, kan motiveer. Aan die hand van die gebeure wat sentreer rondom drie dogters – ’n wit tweeling en hul swart huiswerker se dogter – verken die roman die wetlikheid en etiese regverdigbaarheid van ongeoorloofde stamselnavorsing en -oorplanting, en belig vlugtig ook die onderliggende sosiale milieu van apartheid wat oor die jare heen die dogters se gedrag gevorm het. Die jukstaposisie van apartheid as ’n misdaad teen die mensdom (gemagtig en geïnstitusionaliseer deur wetgewing en godsdiens) en die onwettigheid, dóg morele regverdigbaarheid, van die stamselnavorsing in die roman laat die leser met ’n kragtige boodskap dat dít wat reg en verkeerd is, nie altyd ooglopend ’n duidelike binêre keuse is nie. Net soos alles op die oppervlak goed en gelukkig gelyk het in die “Liquorice Allsorts-gesinnetjie”, was die realiteit die teenoorgestelde.

Trefwoorde: apartheid; apartheidsonregte; reg en letterkunde; reg en moraliteit; stamselnavorsing; stamseloorplanting

Abstract

Misplaced benefaction and grievances of the “Liquorice Allsorts family”: A law and literature investigation of Zelda Bezuidenhout’s *Die waarde van stil bure*

The law and literature field of study, which is still being developed in South Africa, is an interdisciplinary field of study that offers readers of fiction an opportunity to reflect critically on the role and function of law in a broader context, including the possibility to evaluate, within a defined scope, complex social and legal issues such as lawlessness, discrimination and injustice. This field of study furthermore creates the ideal lens for a critical review of social, legal and cultural practices influenced by the law.

Zelda Bezuidenhout’s 2021 novel *Die waarde van stil bure* portrays unconventional conduct that confronts the legal order. Despite the characters’ unlawful behaviour, the reader sympathises with transgressors because of their equally justifiable and legitimate motives that inform their conduct. Stem cell research is a novel and yet unexplored topic in Afrikaans literature. Fiction is a very effective medium to promote social awareness regarding this topic, ultimately encouraging social interest and participation regarding the regulation of new biomedical technologies, such as stem cell research and therapy, genomic research and gene editing.

The plot of the novel revolves around the lives of three girls who grew up together –white identical twins, Magdaleen and Misha, and Puleng, the daughter of the twins’ domestic worker. The domestic worker, Evalyn, and the mother of the twins, Alida, were close to each other, almost like sisters. When Misha dies unexpectedly, the grieving Magdaleen remains behind alone. She rents a semi house in Melville and meets her unconventional neighbour, Darius, who conducts stem cell research in his home. Magdaleen, whose best friend’s son is unable to walk due to an accident, asks the neighbour whether he could perform a stem cell transplant on the boy in the hope that the boy may be able to walk again. With the assistance of Darius, she gets the right medical team together, who all agree to keep their participation in the illegal operation confidential. Magdaleen’s king pin in this group is the domestic worker’s daughter, Puleng, who has since become a medical doctor. The stem cell transplant that is subsequently performed, is a huge success. However, shortly thereafter, Darius is murdered. She suspects that a big pharmaceutical company who opposes stem cell research is responsible for his death. Before he died, Darius had explained to her that some pharmaceutical companies do not support stem cell research, as stem cell transplants would undermine the profit that they would make from ordinary conventional medicines for the treatment of cancer. The novel’s turning point is when Magdaleen discovers that Puleng is responsible for the neighbour’s murder as a result of deeply hidden grudges that she has been carrying for many years. Puleng explains she was never happy with the unequal relationship between black and white people during apartheid. When it became clear that the stem cell transplant was a success, Puleng felt that this success should be hers alone.

The novel touches on the legality and the ethical justification of unauthorised stem cell research and transplant, and also refers to the social milieu during apartheid that shaped the girls' behaviour over time. Darius appears to be involved with unlawful human stem cell research. His explanation that the research ethics committee of the Medical Research Council is aware of his research, is factually flawed and is either a blatant lie or ignorance on the side of Darius, or may point to the author's own ignorance as to the legal requirements in terms of the National Health Act. As an agricultural economist, Darius is completely unqualified to conduct research or experimentation using human stem cells. The National Health Act contains strict requirements and conditions for the removal, use and processing of human tissue, blood and gametes (required for stem cell research), which may be performed only by authorised persons in legally authorised or prescribed institutions (sections 54, 55 and 56 of the Act). The regulations relating to the use of human biological material, published in terms of Government Notice R177 in the *Government Gazette* of 2 March 2012), promulgated in accordance with section 68 of the National Health Act, describe in regulation 1(g) and 1(h) a "competent person" who may remove foetal tissue and umbilical cord blood as a *medical practitioner* registered in terms of the Health Professions Act 56 of 1974 with the Health Professions Council of South Africa, or a "competent person" conducting health research as a person registered as a *medical technologist or scientist* in terms of the Health Professions Act with the Health Professions Council of South Africa. The same regulations stipulate that no person, except a competent person, may remove human biological material for genetic testing, health research or for therapeutic purposes (reg. 2). Human biological material may be removed in an authorised or prescribed institution only and with the relevant written informed consent of the person whose material is removed (reg. 3). This requirement applies also to the use of adult, embryonic, umbilical cord and foetal stem cells for the purpose of stem cell therapy (reg. 9).

In contrast to the National Health Act, which requires ministerial consent for the removal and use of stem cells (sects. 56(2)(a)(iv), 57(3) and 57(4) of the act), the regulations relating to the use of human biological material require only the informed consent of the person whose stem cells or tissue are removed (reg. 9). The regulations also provide for stricter penalties following a contravention of any of the regulations than those laid down in the National Health Act in chapter 8 for similar contraventions, notably ten years' imprisonment or a fine or both, in contrast with the Health Act's reference to five years' imprisonment or a fine or both (sect. 57(5) of the Health Act).

The unlawfulness of Darius's stem cell research is the result of multiple transgressions: His research lacks the necessary ethical oversight, and he is unqualified to pursue stem cell research, let alone participate in the therapeutic stem cell transplant that is performed on the young boy. The importance of research ethics committees in the context of stem cell research cannot be emphasised enough. Ethics committees ensure compliance with relevant ethical standards and norms for health research and protect research participants during this process, also where participants may have religious, cultural or social objections to the use of their tissue, stem cells, embryos and fetuses in research. The actual stem cell transplant that is performed in the novel could arguably also be considered a stem cell-based therapy that may need to comply with the requirements and guidelines on good manufacturing practice for biological medicines, monitored by the Biological Medicines Evaluation and Research Unit of the South African Health Products Regulatory Authority (SAHPRA). To date, an effective legal framework for the regulation of stem cell therapies has not been put in place in South Africa. The lack of oversight over these procedures, including the negative consequences that may result from this, are clearly depicted in *Die waarde van stil bure*.

In the final instance, the novel's juxtapositioning of apartheid as a crime against humanity (authorised and institutionalised by law and religion at the time), whose forces have shaped the characters in this novel in different ways, as well as the illegality yet morally justifiability of the stem cell research and transplant in the novel, conveys a strong message to the reader that the distinction between right and wrong is not always a clear binary one. Whilst everything on the surface appeared happy and well with the "Liquorice Allsorts family", the opposite was in fact true.

Keywords: apartheid; apartheid wrongs; law and literature; law and morality; stem cell research; stem cell transplant

1. Reg en letterkunde

'n Onlangse artikel waarin die regsletterkundige bydrae van Anoeschka von Meck se *Die heelal op my tong* ondersoek word,¹ beweer dat die reg-en-letterkunde-vakterrein in Suid-Afrika nog in sy kinderskoene staan. Reg en letterkunde is 'n interdisiplinêre vakterrein wat onder meer die leser aanmoedig om krities te besin oor die uitbeelding van regsaspekte in fiksie, maar om in 'n breër konteks ook maatskaplike kwessies, soos diskriminasie, ongeregtheid en regverdiging binne die roman se verhaalkonteks te evalueer.² Labuschaigne³ beskryf dit soos volg: "Die toepassingswaarde van die studie van die reg en letterkunde is omvattend en uiteenlopend, aangesien dit 'n ideale lens skep vir die kritiese beskouing van sosiale, regs- en kulturele praktyke wat direk of indirek deur die reg beïnvloed word." De Villiers⁴ en Van Marle⁵ gaan 'n stap verder en redeneer dat letterkunde in staat is om die (gesag van die) reg te ondermyn en te destabiliseer, en alternatiewe etiese gedrag aan te moedig, wat dikwels buite regsgronse verwesening vind, soos gesuggereer word in *Die waarde van stil bure*, waar regsregulering vaag is.

Zelda Bezuidenhout se 2021-roman, *Die waarde van stil bure*, is eweneens, soos Von Meck se *Die heelal op my tong*, fiksie wat ongewone gedrag wat teen die regsorde indruis, uitbeeld. Alhoewel beide die reg en letterkunde as metafore van die menslike toestand ("human condition") beskou kan word, en ongeag of fiksie 'n regstema bevat of nie, bly fiksie gesetel in 'n regs-sosiale orde waarin vooroordele, miskennings van regte en diskriminasie aan die orde van die dag is en derhalwe die leser in staat stel om alternatiewe oplossings tussen die reëls raak te lees.⁶ In Bezuidenhout se *Die waarde van stil bure* is die leser, die wederregtelike optrede van die hoofkarakters ten spyte, genoop om simpatiek jeens die oortreders te staan weens begrip vir die regverdigbare en geldige motiewe wat hul gedrag aanspoor. Letterkunde is by uitstek geskik om klakkelose regsgehoorsaamheid uit te daag deur lesers se evaluering van verhaalkarakters se optrede. Robin West maak tereg 'n gepaste opmerking hieroor in haar ondersoek na die temas van gesag en outonomie in die werk van Franz Kafka en Richard Posner: "Obedience to legal rules to which we would have consented relieves us from the task of evaluating the morality and prudence of our actions."⁷

Om saam te vat: Die waarde van reg-en-letterkunde-studie is dus geleë in die bydrae wat die letterkunde kan maak in die vorm van regskritiek; dit kan dien as 'n platform vir regshervorming, maar ook as rigtinggewer vir regsmoraliteit en -etiek. Die gemeenskaplike strewe van beide die reg en letterkunde is dus om die mens se bestaan beter te verstaan en/of te reguleer.⁸ 'n Vroeë regsletterkundige bydrae brei meer uit oor die waarde van Afrikaanse

letterkunde vir 'n regsletterkundige ontleding;⁹ gevolglik word volstaan met die bostaande kort verduideliking vir die doeleindes van die onderhawige artikel.

2. Verhaalkonteks

Die verhaal begin op 'n “onbeduidende Dinsdag” (10) in November, maar die leser lei af uit Magdaleen se opmerking omtrent die dag “[...] hoe skynbaar doodgewone dae gekamoefleerde kantelpunte in 'n mens se lewe mag wees” (7) dat die mees gewone dae soms die grootste verrassings mag inhou. Hierdie proloog sluit aan by die tweede deel van die verhaal waar dié betrokke Dinsdag se gebeure in perspektief geplaas word.

Die eerste deel van die roman beskryf hoe Magdaleen ná die dood van haar sussie na Melville verhuis, wat vir haar “nie soos 'n voorstad van Johannesburg” voel nie, maar eerder “soos 'n oulike klein dorpie” (13). Sy is opgewonde, want vir die eerste keer gaan sy alleen in haar eie huis woon: “In trendy Melville, dink sy in die taal van die eiendomsagent wat dit aan haar verhuur het. Hier kan niemand eensaam wees nie. Hier is jy omring van skeppende, cool nie-konformeerders. Niemand verwag iets van jou nie” (15). Een van hierdie non-konformiste is Magdaleen se buurman wat stamselnavorsing in sy huis se buitekamer doen. Vir Magdaleen is hierdie navorsing 'n geleentheid om haar vriend Zack, wie se seuntjie verlam is, te probeer help, maar indirek 'n poging om haar sussie se onverwagte dood vir haarself te versag. Die huiswerker wat sy van kindsbeen af ken se dogter, Puleng, is 'n mediese dokter, en dié betrek sy by haar plan om met die hulp van die buurman Zack se verlamde seun te help. Die stamseloorplanting wat uiteindelik (onwettig) op die seun uitgevoer word, is 'n sukses, maar kom teen 'n prys. Haar stamselnavorsing-buurman sterf uit die bloute en later verneem sy wie vir sy dood verantwoordelik was. Hierdie skoknuus lei tot verdere onthullings, asook hartseer herinneringe uit die verlede.

Ten einde verdere nuanses in die verhaallyn beter te begryp, asook die skakel tussen die verhaaldebeure en die registerrein uit te wys, is dit nodig om die sleutelkarakters kortliks te beskryf.

2.1 Die twee ma's: Alida Verster en mme Evalyn Manthoro

Alida Verster, Magdaleen se ma, is die stereotipiese voorstedelike wit vrou van die 1980's en die 1990's. As 'n persoon wat haarself van jongs af as 'n buitestander beskou, deel Magdaleen nie haar planne met haar ma nie. Alida se grootmaakstyl is tiperend van dié van Afrikaanse gesinne gedurende apartheid. Magdaleen herroep sekere rituele van haar ma wat haar aan die gang hou en sin aan die lewe gee: “Klein vangnette wat haar veiliger laat voel. Die koeldrankproppie in die koekie seep sodat dit nie smetterig raak op die wasbak se rand nie. Die doppie bleikmiddel wat by die blomwater gevoeg word om dit langer vars te hou” (13). Alida verwys na huishoudelike items in die persoonlike vorm: “my suiker”; “my meel”; “my droë goed”. Magdaleen vermoed dis iets wat sekere vroue van haar ma se ouderdom maar doen. Vir tipiese tuisteskeppers was hul huise hul territoriale domein; gevolglik strook Alida se verwysing na “haar” meel hiermee. Magdaleen verstaan dit dan ook so:

The last of the homemakers. Trotse tuisteskeppers wat dalk jare lank teësinig skoolgegee of 'n maatskappy se boeke gedoen het, terwyl hulle eerder tuis sou wou bly en

'n huishouding bestuur met die fokus en tydsberekening van 'n lugverkeerkontroleerder. Miskien is huishoudelike goed so belangrik vir vroue soos Alida Verster omdat hulle niks anders het wat regtig hul eie is nie. (13–14)

Vroue se rol oor die algemeen gedurende die apartheidsjare was baie beperk. Sosiale strukture het vroue tuis en op hul plek gehou as “tuisteskeppers”, dikwels met die ondersteuning van 'n bruin of swart huiswerker. Die oorgang van apartheid na 'n volwaardige demokrasie het die rol van vroue in die samelewing en in die arbeidsmark ingrypend verander en vroue het geleidelik hul regmatige plek in die samelewing begin inneem. Magdaleen se ma, ten spyte van haar meer bevoorregte posisie, verskil van Evalyn, die huiswerker. Evalyn is Magdaleen se “ander” ma en 'n beter rolmodel vir 'n jong meisie. Anders as Alida, wat haar dogter geleer het dat 'n skoon huis en 'n man 'n vrou se lewe definieer (175), het Evalyn haar eie dogter, Puleng, geleer “om sterk, hardwerkend en ambisieus te wees”, en dat sy moet glo “sy kan eendag die wêreld regeer as sy wil” (175).

Die twee moeders, Alida en Evalyn, boesemvriendinne en amper-susters, het saam televisiesepies gekyk, maar as dit laatmiddag huistoegaantyd was, is Evalyn aan haar eie lot oorgelaat. Alida het gewoonlik voor die televisie bly sit, al het 'n storm buite gewoed terwyl Evalyn haar pad huis toe moes aanpak. Hierdie optrede, wat 'n blywende indruk op Puleng gemaak en haar met wraak vervul het, was 'n algemene patroon in wit voorstede. Van huiswerkers is verwag om stiptelik op te daag vir werk, maar daar was weinig begrip vir die uitdagings wat hulle moes trotseer weens apartheid se segregasiebeleid om betyds by hul werkgewers se huise op te daag. Die indruk dat hulle deur die dag amper as “gelykes” gefunksioneer het, was net skyn, want sodra die son gesak het, het die wreedheid van segregasie ingetree. Apartheid se genadelose rasseongelykheid het met ook sosiale ongelykheid gepaardgegaan. Huiswerkers soos Evalyn se lot was beseël. Lesers het empatie met Puleng se woede oor die onreg en die jare lange diskriminasie en menseregteskending.

Magdaleen se ma se woorde, “Stil bure is goud werd” (46), sinspeel nie net op die romantitel, *Die waarde van stil bure*, nie, maar suggereer ook apartheid se stilswye oor die lot van die slagoffers, soos Evalyn en Puleng (metaforiese “bure”).

2.2 Magdaleen Verster: die hoofkarakter

Magdaleen se tweelingsuster, Misha, sterf sewe maande voor die verhaal 'n aanvang neem as gevolg van 'n hartaanval, aangebring deur 'n verdikte hartspier. Die tweeling se pa is aan dieselfde toestand oorlede. Magdaleen sukkel om te verstaan waarom Misha hierdie toestand geërf het en sy nie (50), en waarom sy nou moet “leer om sonder haar ander helfte aan te gaan” (16). Sy sien haarself as “[d]ie een wat [nie] in die internasionale model [haar oorlede tweelingsuster] se skadu kon gedy soos mos aan die koel kant van 'n klip nie. Dit was vir haar lekker om die ietwat swaarder, snaakser en minder bekende een van hulle twee te wees” (19; outeurs se invoeging). Selfs die keuse van hul name dui die verskil tussen hulle aan: “Misha klink volksvreemd, misterieus, broos. Magdaleen het 'n boerse, sterk klank, asof iemand met dié naam weet hoe om vetkoekdeeg te knie” (48).

Magdaleen doen vryskutwerk as illustreerder vir kinderboeke van haar skakelhuis in Melville af (27). 'n Donker kant van Magdaleen se persoonlikheid is haar kompulsiewe behoefte om vreemdelinge elders in obskure plekke vir onbeskermdes te ontmoet, wat vir haar 'n tipe reinigingsritueel is (62). Sy vind troos en opwinding in hierdie roekelose en klandestiene

ontmoetings, want dit laat haar vir 'n kort wyle vergeet dat sy “haar ander helfte, haar tweelingsuster, vir ewig verloor het” (25).

Haar beste vriend is Zack, wie se vel 'n “ryklik getatoeëerde landskap” (19) is. Hy is “die soort ou wat geen ouer vir 'n skoonseun wil hê nie” en wie se “wilde bos donker krulle [...] nie heeltemal die lang, diep letsels op sy voorkop” (19) verbloem nie. Zack is geskei en het 'n klein vyfjarige seuntjie, Ben, wat weens 'n ongeluk verlam geraak het. Soos die maande na die ongeluk verbygegaan het, het sy lyf meer en meer uit proporsie geraak; sy bolyf het groter word en sy onderlyf swakker gedefinieer (34). Magdaleen is baie lief vir Ben en haar oogmerk om Ben gesond te kry, oorheers haar gedrag. Deur hom te help, glo sy dat sy dalk Misha se verlies beter sal verwerk: “Dis onmoontlik om Misha terug te bring. Maar om Ben weer aan die loop te kry?” (77). Só skryf Magdaleen vir Misha in haar virtuele joernaal: “Soms dink ek dat ek heeltemal buite beheer is. En dis alles jou skuld. Dis wat gebeur as jy boggerof en jou suster alleen agterlaat” (106).

2.3 Die buurman: Darius Achenbach

Darius Achenbach is Magdaleen se “stil” buurman. Sy is bewus van hom, maar sien hom selde, aangesien hy bykans nooit sy erf verlaat en niemand vir hom kom kuier nie. Darius het 'n grys kat, Ruby. Ruby is lief daarvoor om by Magdaleen te kuier. Een dag merk sy op dat die kat seer het en besluit om haar buurman daarvan te verwittig, maar toe hy nie ag slaan op haar geroep by die muur wat hul erwe skei nie, spring sy oor (29) en ontmoet só vir doktor Darius Achenbach. Haar waarneming van hom is dat hy nie meer jonk is nie en 'n dik bril dra wat “soos 'n vergrootglas werk en sy blou oë soos dié van 'n karakter in 'n Tim Burton-fliek laat lyk” (17). Daarbenewens het hy “donsige grys hare wat soos 'n elektrostatische stralekrans om sy kop uitpof [...] in al sy onversorgde glorie” (29). Sy skat hom diep in die sestigs (51).

Magdaleen wys vir hom die plek waar sy dink die kat seer het en “[s]y merk dadelik die teerheid waarmee hy sy kat ondersoek. Stadig, deeglik. Metodies soos 'n dokter” (30). Noudat die ys gebreek is tussen hulle, kan Magdaleen steeds nie dink watter tipe werk Darius doen nie, aangesien hy snaakse tye slaap en nooit die erf verlaat nie. Hulle vriendskap groei en op 'n goeie dag vertel hy haar van sy werk in die buitekamer:

Hy stoot die buitekamer se deur oop. Amper terselfdertyd val haar mond ook oop. In skrilte teenstelling met sy beknopte, donker huisie, is dit 'n skoon, wit vertrek met 'n werkstafel waarop 'n mikroskoop staan, twee tipiese kantoor-kaste teen die muur en 'n verskeidenheid toerusting wat sy glad nie verstaan nie. Dit is nie gewone kantoorgoed nie. (53)

Daar is 'n mikroskoop met 'n mikromanipuleerder daarop gemonteer, asook 'n sentrifugeerder en 'n laminêre vloekas. Sy vra hom waarvoor hy dit gebruik, en hy antwoord dat hy stamselnavorsing doen (54). Wanneer sy vra waarom stamselnavorsing, antwoord hy:

“Ek is eintlik 'n boer sonder 'n plaas. 'n Landbou-ekonomiese. Maar my werk met die kloning van diere het my nou 'n heel ander koers laat inslaan: ek het menslike stamselle begin kloon.” [...]

“Menslike stamselle?” [...]

“Ja, om toestande soos verlamming, Alzheimer se siekte, Parkinsons, hartdefekte en so aan te genees. [...] Het jy geweet ons kan al vir pasiënte met rugmurgbeserings ’n nuwe spinaalkoord uit hulle eie stamselle groei?” (55)

Op ’n vraag of hy nie in ’n behoorlike laboratorium of ’n navorsingshospitaal moet werk nie, antwoord hy: “Daar is te veel aasvoëls. Elke wetenskaplike wil die een wees wat die groot deurbraak maak” (55). Hy verduidelik verder dat daar ’n multitriljoendollar-bedryf is wat baie geld uit siek mense maak, soos onder andere farmakologiese maatskappye wat medisyne vir onkologiebehandeling vervaardig: “Daai maatskappye is minder opgewonde oor stamsel terapie as ek en jy” (71).

Magdaleen wil by Darius weet of dít wat hy doen wettig is (56). Hy antwoord dat SAMAREC (South African Medical Association Research Ethics Committee) bewus is van sy navorsing, maar hulle is ’n “etiese waghond” en nie ’n befondser van navorsing nie (56–7). Aangesien die stamselnavorsing *per se* nie ongeoorloof is nie (mits dit voldoen aan die wetsvereistes), verander die situasie wanneer die navorsing op mense getoets of toegepas word. In sodanige geval moet ’n etiese oorsigkomitee toestemming gee, aangesien dit óf deel van goedgekeurde kliniese proefnemings gedoen moet word, óf goedgekeur moet word as eksperimentele behandeling of terapie ingevolge die regulering van gesondheidsnavorsing in die Suid-Afrikaanse reg. Die wetsaspekte word in meer besonderhede hier onder bespreek.

Op haar vraag of stamselle ’n paraplegiese kind met ’n rugmurgbesering sal kan help (74), verduidelik hy dat dit moontlik is, hoewel nie ’n eenvoudige proses nie. Hy kan stamselle oes en kweek en seker maak dat dit presies in die regte stadium van ontwikkeling ingeplant word en differensieer in ’n pasiënt, maar daarvoor benodig hy ook ’n sjirurg, ’n narkotiseur, teater-suster, ’n hoërsorgeenheid en ’n fisioterapeut om te help. Diegene wat met só ’n ongeoorloofde prosedure (weens die gebrek aan etiese klaring, ensovoorts) wil help, sal ongetwyfeld hul loopbane in gevaar stel (100). Magdaleen raak opgewonde en begin planne beraam om hierdie tipe gesondheidswerkers bymekaar te kry. Darius vermaan haar egter dat hierdie tipe stamsel-oorplanting nié wettig is nie, aangesien rugmurgsjirurgie, gekombineer met stamsel terapie, nie ’n beproefde, wettige prosedure in Suid-Afrika of elders in die wêreld is nie (100).

Magdaleen besluit vervolgens om eerste vir Puleng, nou ’n mediese dokter, te nader vir hulp. Sy worstel met haarself oor waarom sy so ’n dwingende begeerte het dat die projek móét gebeur. Is dit haar manier om vir Misha te sê sy is jammer sy kon haar nie kon help nie (102)? Toevallig sien sy op ’n pamfletjie onder die gemorspos in haar posbus wat vir ondersteuning van ’n plaaslike voedingskema pleit, die volgende boodskap: “*Be the change you want to see in the world*” (59). Magdaleen is nou meer as ooit tevore oortuig dat sy haar plan met die stamseloorplanting moet deursien.

Sy vertel vir Darius wat sy beplan en verseker hom dat hy vir Puleng kan vertrou:

Jy kan haar eenhonderd present vertrou. Ons is vriende vandat sy drie en ek agt was. (103)

Sy is nog al die jare vir my soos ’n suster. En nadat Misha begin modelwerk doen het, het ek en sy nog nader aan mekaar beweeg. Ek skat dis vir my lekker om iemand se oukus te wees. [...] Ons ma’s is ook soos susters [...] (174–5)

“Die storie van Afrika,” merk hy op. (175)

2.3.1 Stamselnavorsing in die Suid-Afrikaanse reg

'n Sentrale tema in die roman is die kwessies van stamselnavorsing en 'n stamseloorplanting. Stamselnavorsing is kontroversieel om verskeie redes, onder meer weens etiese besware en die gevare van onbeproeft, onbewese en lewensgevaarlike stamseloorplantings in lande waar die regs- en etiese regulering van hierdie tipe navorsing ontbreek of ontoereikend is.¹⁰ Hoewel stamselnavorsing nog hoofsaaklik as eksperimentele navorsing beskou word, word beenmurgoorplantings ('n tipe stamseloorplanting) vir dekades al as 'n standaardterapie suksesvol en veilig uitgevoer in die behandeling van bloedsiektes.¹¹

Die roman se verkenning van aspekte van stamselnavorsing prikkel die leser se belangstelling oor die onderwerp, vernameelik oor die wetlike aspekte van hierdie navorsing wat soveel potensiaal vir die behandeling van vele siektetoestande inhou. Stamselle word beskryf as die bron- of moederselle in die menslike liggaam, aangesien hierdie selle oorsprong gee aan die embrio in die baarmoeder. Uit hierdie stamselle word die ander selle van die liggaam gevorm, soos die bloed-, spier-, been-, vel- en senuweeselle.¹² Omdat stamselle oor die vermoë beskik om ander beskadigde selle in die liggaam op te bou of te herstel, is daar potensieel tot en met sewentig verskillende siektes wat met die hulp van stamselle behandel kan word, onder meer leukemie, bloedarmoede en limfome (kwaadaardige limfgewasse). Navorsing toon die sterk potensiaal van stamselle in die behandeling van Alzheimer se siekte, diabetes, hartsiektes, veelvuldige sklerose, brein- en rugmurgbeserings, spierdistrofie en Parkinson se siekte, danksy stamselle se vermoë om te vermeerder en te differensieer in die tipe sel wat benodig word. Dit is dan ook hierdie kenmerk van stamselle wat dit van gewone liggaamselle onderskei.

Twee tipes stamselle wat bestaan is embrionale stamselle (afkomstig van 'n embrio of 'n naelstring) en volwasse stamselle, afkomstig van onder meer die lewer of wandbloed. Hoewel die verwydering van embrionale stamselle uit die naelstring ná die geboorteproses eties aanvaarbaar is aangesien die naelstring roetinegewys vernietig word in hospitale, geld dieselfde nie vir die verwydering van embrionale stamselle direk vanaf embrio's nie. Ten einde embrionale stamselle te bekom, is 'n lewende embrio, gewoonlik in 'n laboratorium geskep, nodig. Embrionale selle word dan van die vyf tot sewe dae oue embrio se kernselwand geoes.¹³ Hierdie proses lei onvermydelik tot die vernietiging van die embrio, wat gepaardgaan met wesenlike etiese, godsdienstige en morele besware, hoofsaaklik omdat dit gesien word as die vernietiging van 'n menslike lewe.

Stamselbehandelings wat nie deur die normale kliniese proefnemingsproses goedgekeur word nie, hou groot mediese risiko's in, soos onvoorspelbare tumorgroei en onbekende langtermyngevolge. Dit verklaar deels waarom alle voorgenome stamselterapie of -behandelings deur relevante gesondheidsnavorsing-etiekkomitees goedgekeur moet word sodat die veiligheid en effektiwiteit van die behandeling sorgvuldig gemonitor kan word.¹⁴ In Suid-Afrika word gesondheidsnavorsing gereguleer deur hoofstukke 8 en 9 van die National Health Act.¹⁵ Die Raad op Nasionale Gesondheidsnavorsingsetiek (National Health Research Ethics Council) is 'n statutêre instelling wat onder andere verantwoordelik is vir die opstel van etiese riglyne oor die funksionering van etiekkomitees of etiese oorsigkomitees, asook norme en standaarde vir gesondheidsnavorsing met mense en diere, insluitende kliniese proefnemings. Kliniese proefnemings vereis voorafgaande onafhanklike etiese klaring ten einde te verseker dat navorsers gebonde bly aan die relevante wetlike en normatiewe standaarde wat betrekking het op gesondheidsnavorsing in Suid-Afrika. Aangesien stamseloorplantings of stamselgebaseerde mediese ingrepe baie potensieële mediese gevare en risiko's inhou, soos hier bo genoem, word

vereis dat die kliniese proefnemings voorafgegaan word deur toepaslike prekliniese studies met diere of met menslike navorsingsdeelnemers onder streng gekontroleerde omstandighede. Op hierdie wyse kan die veiligheid en effektiwiteit van die voorgenome behandeling (terapie) of produk beter bepaal word. Enige versuim om met menslike navorsingsdeelnemers te eksperimenteer sonder die vereiste etiese klaring deur 'n toepaslike etiese oorsigkomitee, is strydig met die Gesondheidswet¹⁶ en die Nasionale Gesondheidsdepartement se 2015- etiese riglyne vir gesondheidsnavorsing.¹⁷

Hoewel stamselnavorsing ingevolge die Gesondheidswet¹⁸ toelaatbaar is, mag navorsing met 'n 14 dae oue menslike embryo of sigoot slegs plaasvind met die skriftelike toestemming van die minister van gesondheid; en mits die aansoeker (navorsers) onderneem om die navorsing vir rekorddoeleindes te dokumenteer; én die voorafverkrygte toestemming van die skenker van sodanige stamselle of sigote bekom is. Die manipulerings van enige menslike genetiese materiaal, insluitend genetiese materiaal afkomstig van gamete (vroulike eiersel of manlike sperm) in 'n poging om 'n mens te kloon, is ingevolge artikel 57(1)(a) verbode. Die minister van gesondheid mag aan die hand van vasgestelde kriteria terapeutiese kloning met volwasse stamselle of embrionale naelstringstamselle toelaat.¹⁹ Versuim om aan enige van bogenoemde vereistes, gestel in artikel 57, te voldoen, is 'n oortreding ingevolge die wet wat kan lei tot 'n boete of gevangenisstraf van vyf jaar of minder, of beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.²⁰ Dieselfde wetsbepaling omskryf terapeutiese kloning (die tipe navorsing wat Darius doen) as die manipulerings van genetiese materiaal afkomstig van volwasse selle, sigote of embrionale selle met die oogmerk om die funksie van laasgenoemde selle of weefsel vir terapeutiese doeleindes te verander.²¹

Om terug te keer na *Die waarde van stil bure*: Darius se navorsing het oënskynlik met menslike stamselle te make. Sy verduideliking aan Magdaleen dat die etiekkomitee van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging bewus is van sy navorsing, is óf 'n blatante leuen, óf 'n geval van onkunde deur Darius óf die outeur self. Darius vertel vir Magdaleen dat hy oorspronklik 'n landbou-ekonomiese was, maar nou navorsing met menslike stamselle uitvoer. Vanuit 'n wetlike oogpunt is Darius glad nie bevoeg en gekwalifiseer om met menslike stamselle te eksperimenteer nie. Die Gesondheidswet bevat streng vereistes en voorskrifte oor die verwydering en gebruik van menslike weefsel, bloed of gamete wat nodig is om stamselnavorsing uit te voer en onder andere slegs deur bevoegde (“competent”) persone in gemagtigde (“authorized”) instellings uitgevoer mag word.²² Die regulasies rakende die gebruik van menslike biologiese materiaal²³ omskryf in regulasie 1(g) en 1(h) 'n “bevoegde persoon” wat onder andere fetale weefsel en embrionale naelstringbloed verwyder en gebruik as 'n *mediese praktisyn* geregistreer ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepes 56 van 1974 by die Raad op Gesondheidsberoepes, en 'n bevoegde persoon wat gesondheidsnavorsing doen as 'n persoon wat as *mediese tegnoloog* of wetenskaplike geregistreer is ingevolge die Wet op Gesondheidsberoepes by die Raad op Gesondheidsberoepes. Dieselfde regulasies bepaal dat geen persoon, buiten 'n bevoegde persoon, biologiese materiaal vir genetiese toetsing, gesondheidsnavorsing of terapeutiese oogmerke mag verwyder nie.²⁴ Voorts mag sodanige materiaal verwyder word slegs in 'n gemagtigde instelling of voorgeskrewe instelling én met die nodige ingeligte en skriftelike toestemming van die persoon van wie die materiaal verwyder word.²⁵ Laasgenoemde vereiste geld vir die gebruik van volwasse, embrionale, naelstring- en fetale stamselle ook.²⁶

Anders as wat in die Gesondheidswet bepaal word, vereis die regulasies rakende die gebruik van menslike biologiese materiaal die ingeligte toestemming van slegs die persoon wie se

stamselle of weefsel verwyder word,²⁷ terwyl die Gesondheidswet 'n hoër vereiste stel, naamlik ministeriële toestemming.²⁸ Die regulasies, aan die ander kant, hef 'n strenger sanksie vir 'n oortreding van enige van hierdie voorskrifte as dié opgelê vir soortgelyke oortredings van die bepalings in die Gesondheidswet in hoofstuk 8, naamlik 10 jaar gevangenisstraf en 'n boete of beide, in teenstelling met die Gesondheidswet, wat na vyf jaar en 'n boete of beide in artikel 57(5) verwys.

Darius se navorsing is geheel en al onwettig om verskeie redes, soos hier bo uitgelig, buiten vir die feit dat geen etiese oorsigkomitee sy navorsing sou goedkeur nie; nóg minder die etiese oorsigkomitee van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging. Die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging se etiese oorsigkomitee se Standaardbedryfsprosedures en Riglyne vir die Etiese Oorsig van Kliniese Proefnemings met Mense van 2015 is van toepassing slegs op gekwalifiseerde mediese praktisyns (geregistreer by die Raad op Gesondheidsberoepes).²⁹ Benewens die feit dat Darius nie gemagtig is om met menslike stamselle te eksperimenteer nie, is hy eweneens regtens onbevoeg om aan die stamseloorplanting self deel te neem. Die feit dat bevoegde gesondheidsorgwerkers (sjirurg, narkotiseur, fisioterapeut en suster) aan die oorplanting in die roman deelneem en dat dit plaasvind in 'n hospitaal (as 'n gemagtigde instelling) herstel nie die onregmatigheid van die prosedure nie.

Dit is belangrik om die rol van etiese oorsigkomitees in hierdie konteks te begryp. Navorsingsetiekkomitees moet vasstel of ingeligte toestemming van betrokke navorsingsdeelnemers of pasiënte voldoen aan die nodige wetlike en etiese vereistes. Soos vlugtig hier bo genoem, het etiese en morele besware wat met stamselnavorsing verband hou, betrekking op die feit dat die bron van stamselle in sommige gevalle menslike fetusse of embryo's is. Die vernietiging van die embryo of fetus ten einde embrionale stamselle te bekom, is vir sommige navorsingsdeelnemers of pasiënte weens geloofsoortuigings onaanvaarbaar. Heelwat jurisdiksies, insluitend Suid-Afrika, verbied *in vitro*-navorsing met 'n menslike embryo ná 14 dae se ontwikkeling – die tydstip waarop die sogenaamde “primitiewe groef” ontwikkel.³⁰ Laasgenoemde is 'n merkbare dowwe lyn wat die ontwikkeling van die sentrale senuweestelsel aandui.

Voorts sou die stamselgebaseerde “terapie” wat die jong seun in die roman in sy rugmurg ontvang moontlik ook aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (South African Health Products Regulatory Authority) se riglyndokument oor Goeie Vervaardigingspraktyk vir Biologiese Medisyne moet voldoen.³¹ Stamselgebaseerde terapie in Suid-Afrika, hoewel onbevredigend gereguleer in die Suid-Afrikaanse reg, val ook breedweg in die kategorie van biologiese medisyne, waarvan die aktiewe bestanddeel afkomstig is van lewende organismes of weefsel en wat deur middel van 'n biologiese proses geskep is. Die Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte se Biologiese Medisyne-evaluering- en Navorsingseenheid (Biological Medicines Evaluation and Research Unit) is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n regsraamwerk vir die regulering van selgebaseerde terapie. Tot op hede is hierdie raamwerk nog nie in plek gestel nie en hou die regsruimte ernstige probleme vir die effektiewe regulering van hierdie tipe terapie in Suid-Afrika in, presies soos wat Bezuidenhout in *Die waarde van stil bure skets*.

2.4 Dr. Puleng Manthoro

Puleng se ma, Evalyn Manthoro, was in die 1980's en 1990's die Versters se huiswerker (38). Buiten die gewone huiswerk het sy ook gereeld vir Magdaleen en Misha opgepas. Puleng is

amper vyf jaar jonger as Magdaleen en het dikwels saam met haar ma na die Versters se huis gegaan om saam met die tweeling te speel (38). Wanneer Magdaleen vir Puleng nader met haar plan, is eersgenoemde reeds met haar huisdoktersjaar besig. Puleng se werk is uitputtend en sy beskryf dit soos volg: “Work is like ointment for emotional pain. For me anyway” (39). Net soos Magdaleen, besef die leser dat Puleng onder emosionele pyn gebuk gaan; ’n gevolgtrekking wat aan die einde van die verhaal bevestig word. Magdaleen ken niemand wat so hard soos Puleng werk nie, en ook niemand wat so ambisieus en gedrewe soos sy is nie. En dis nie omdat sy besig is met haar huisdoktersjaar nie – vir Magdaleen was Puleng was nog altyd só (39): slim en hipergefokus op sukses van kleins af al (85). “Puleng is ’n perfeksionis. Puleng wil altyd wen. En Puleng het ambisie. Hope en hope daarvan” (84).

Puleng is boonop die sleutelfiguur by die *pro bono*-kliniek, met die regte kontakte vir die uitvoer van die stamseloortplanting (86). Puleng se kêrel, ’n aantreklike bruin man, werk by Vantage Health, waar sy pa die hoof van die kliniek is. Puleng werk ook soms daar. Magdaleen sien Puleng en Ricardo as “hip”, snaaks en met die regte velkleur:

Dis al vir dekades nie cool om wit te wees in Suid-Afrika nie. Dalk was dit eintlik nooit nie. Sy sal dit nooit hardop sê nie, maar dit is wat sy dink. Niks van haar is Suid-Afrika-vriendelik nie. Nie haar herkoms of haar Germaanse naam wat haar klink soos iemand wat van ’n Voortrekker-ossewa afgeblisksem het nie. Nie haar status as middelklas-whitey wat in die 1980’s en 1990’s grootgeword het met ’n swart nanny wat haar bed opgemaak en haar skoolskoene gepoets het nie. En allermins haar melkwit vel wat maar sukkel in die fel somerson en die droë Hoëveld-winters. (141)

Magdaleen verduidelik vir Puleng wat Darius beplan: “Hy gaan ’n sort proppe maak van ... die een of ander bio-identiese jel waarin hy die gesonde stamselle sit. Hy sny dan ’n stukkie van die beskadigde rugmurg uit en vervang dit met hierdie jel-invoegsel. Die embrionale stamselle sal begin differensieer en neuroselle word om hopelik die rugmurg heeltemal te herstel” (83). Puleng is genoeë met Magdaleen se voorstel en die proses om al die nodige rolspelers by mekaar te kry om die operasie op Ben uit te voer, begin. Soos die spanning in verhaallyn ontwikkel, besef die leser dat Magdaleen Puleng se ambisie heeltemal onderskat het.

3. Die rol van apartheid in die ontknoping van die verhaal

Magdaleen, haar buurman, Puleng en dié se kêrel, Ricardo, kry uiteindelik ’n span bymekaar om die onwettige operasie op Ben uit te voer. Die narkotiseur is Ryan Walters, ’n dwelmverslaafde en ’n vriend van Darius; die neurosjirurg is Anna Peerman, ’n lesbiese vrou op wie Darius eens verlief was. Anna is getroud met die persoon wat die fisioterapeut gaan wees se suster. Hierdie mediese span gaan die operasietheater by Ricardo se pa se kliniek in sy afwesigheid gebruik. Die operasie word met Zack en sy vervreemde vrou se toestemming uitgevoer nadat Darius hulle gerusstel dat “die kans dat Ben slegter daaraan toe sal wees na die operasie, omtrent nul [is]” (79; outeurs se invoeging).

Die hele prosedure, asook die voorbereidingswerk in die laboratorium, is onwettig, en Darius herinner almal gedurig daaraan dat stilswye die enigste waarborg teen vervolging is. Almal in die span moet besef dat hulle hul loopbane op die spel plaas en dat niemand ’n woord mog rep oor wat gaan gebeur nie. Die onwettige operasie word dan uitgevoer en is ’n reusesukses, soos

Anna dit stel: “Dit beteken daai stamselle vermeerder teen rasse skrede en die rugmurg is besig om te herstel, nes ons gehoop het dit sou” (169). Zack beaam ook later: “Ben kon vanoggend sy tone ’n klein bietjie beweeg” (200).

Magdaleen is in ekstase omdat sy voel sy het uiteindelik vergoed vir haar sussie se dood. In ’n e-pos aan Puleng skryf sy: “Deur Ben te help, het dit vir my gevoel ek kan terugwerkend iets vir my suster doen” (218).

Dan breek die gewraakte Dinsdag aan waar die verhaal begin. Magdaleen se buurman sterf. Volgens die polisie het hy weens ’n hartaanval gesterf, maar Magdaleen is oortuig hy is vermoor. Haar afleiding is gebaseer op die vreemde omstandighede rondom die operasie. Eers is Darius se kat vermoor, met ’n waarskuwende nota daarby wat lui “*Curiosity killed the cat*” (156). Magdaleen sukkel om te begryp waarom persone wat Darius se navorsing wil “steel” sy kat sou aanval in plaas daarvan om hulle tot die media te wend. Puleng se verduideliking is:

Because they don’t want the breakthrough to be made public. Dink daaroor: hulle het dalk self jare se navorsing gedoen en voel hulle het die reg om eerste oor die wenstreep te wees. They feel that they deserve the limelight and all benefits that come with it. (157–8)

Magdaleen is gebroke en voel sy is verantwoordelik vir alles: “Dis haar skuld dat hy [Darius] dood is. [...] Sy huil vir Darius en vir Ruby en vir Misha” (186; outeurs se invoeging). By Darius se huis vind sy dat sy laboratorium se deur wawyd oop staan en dat alles weg is – die inkubators, die sentrifugeerder, die bottels met differensiasiemedium, die mikroskoop, al sy bruin oefeningboekies met sy aantekeninge in (186). Sy tel ’n blou koekie seep in die tuin by Darius se toiletvenster op. Aan die onderkant van die koekie seep is ’n enkele woord slordig maar duidelik uitgekerf: “suster” (204). Magdaleen vermoed nou dat ook haar eie lewe in gevaar is en dat een van die teatersusters moontlik uitgepraat het oor die operasie. Sy raai dat dit dalk ’n farmaseutiese maatskappy is waarvan Darius gepraat het, wat nie wil hê stamselnavorsing moet plaasvind nie, wat vir sy dood verantwoordelik is, en dat sy moontlik volgende op hulle lys is. Met die hulp van Zack vlug sy Seychelles toe waar sy as ’n “skroppie” werk – skroppewerk soos huiswerkers in die “ou Suid-Afrika” gedoen het.

Vir Puleng, wat as kind van ’n huiswerker moes raap en skraap om te oorleef, was dit ’n geval van “[i]f you grew up the way I did, as a black kid in the real world, your mother would have had several skroppie jobs just to keep you alive” (209). Magdaleen verstaan wat sy bedoel: “[E]k weet ook wat ’n skroppie is, al het ek as ’n privileged white brat in die apartheidsjare grootgeword” (218).

Die kontras tussen hoe Magdaleen en Puleng onderskeidelik grootgeword het gedurende die apartheidsjare, is belangrik in die ontknoping van die verhaal. In teenstelling met Magdaleen, wat voel hulle het alles in hul vermoë vir Puleng, wat sy as haar eie suster beskou, gedoen, is Puleng se belewenis van dieselfde gebeure heeltemal anders, en onderstreep dit hoe apartheid die ware beleefde ervarings (“lived experiences”) van die gemarginaliseerdes negeer het. In ’n brief aan Magdaleen skryf sy dat hulle nie “een happy Liquorice Allsorts-gesinnetjie” was nie (252–3):

Ja, sure, ek het nooit honger gely nie. Ek het na die beste skole gegaan omdat my ma by “goeie” mense gewerk het. Ek het jou en Misha se ou Adidas-tekkies gekry wanneer

hulle eintlik nog splinternuut was. [...] Daar was honderde hand-me-downs waarvoor ek die hele tyd diep dankbaar moes wees. Daarvoor het my ma gesorg. “Onthou om dankie te sê, Puleng.” [...] Dit was die tema van my grootwordjare [...] Ek moes die heelyd so donners dankbaar wees. [...] Die tweedehandse selfone, die iPod, die beurs by julle skool. En eintlik wou ek net een keer my eie tekkies in ’n winkel gaan uitsoek. [...] Maar toe ek verstand begin kry, het ek ander goed ook begin raaksien. Hoe jou ma saam met my ma sou sit en soaps kyk en lag soos boesemvriendinne. [...] En net daarna, as dit huistoegaantyd vir ons was, op haar gat voor die TV sou bly sit as ’n moerse donderstorm uitbars. Met twee karre wat in die garage staan, Magdaleen. Dan moes ek en my ma in daai downpour na die taxi rank toe sukkel. [...] Ek dink dis die ding wat my die meeste van Alida Verster afgepis het. Was sy maar openlik rassisties soos baie van die ander wit mense in julle straat. Dit kan ek handle. Maar om te maak asof jy ’n vriendin is van die persoon wat die pubic hair van jou stortvloer moet afsput en jou en jou dogters se onderklere moet was – daai is nie aan nie. In ’n parallel universe kon ek en jy en Misha seker susters gewees het. Maar nie in die 1990’s se Suid-Afrika nie. [...] Waarmee dink jy was ek besig terwyl jy en Misha by tennisafrigting of balletklasse was? Dink jy ek het met julle blonde Barbies gespeel? Nee, ek was besig om julle boeke te lees. [...] Maar toe ek ’n grootmens word, was ek moeg daarvoor. Ek was veral moeg vir die ongelykheid van alles.

Puleng was verbitterd oor sy weens apartheid nie al die geleenthede in die lewe gehad het nie. Sy was ook moeg vir die vertoon dat alles oukei is. Sy gebruik ’n vriend van haar, Craig Marais, om Darius te vermoor, maar eers nadat hy (Craig) aan hom verduidelik het hóekom Puleng dit doen. Na die sukses van die stamseloorplanting het sy gevoel die roem en eer kom háár toe. Evalyn voel verantwoordelik vir haar dogter se optrede:

Sy het ’n mens laat doodmaak [...] Omdat sy daardie mens se werk wou steel. Omdat sy wou seker maak sy is die beste en dat sy nooit in iemand anders se oë sal hoef te kyk nie. Want ek, haar ma, het haar so geleer. (242–3)

Hoewel Magdaleen geglo het sy en Puleng is susters, was dit nie Puleng se belewenis nie. Die hartseer van swaarkry as jong swart kind was allesoorheersend. Sy was aangespoor deur verbitterdheid oor haar verlede toe swart mense genadebrood moes eet en dankbaar wees teenoor wit mense vir die klein aalmoese wat hul ontvang het. Sy het die gevoel van ongeregtheid in haar hart vertroetel en soos haar sukses begin groei het, het sy gevoel dit kom haar toe omdat wit mense in die verlede al die geleenthede gehad het om te presteer. Haar kans om sukses te smaak was nou en sy was bereid om tot die uiterste te gaan om hierdie kans aan te gryp. In haar verbitterde ontboesemingsbrief aan Magdaleen blyk ’n belangrike en miskende waarheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis: die selfingenomenheid waarmee baie wit mense in apartheid “goed gedoen” het vir huiswerkers in hul diens, was nie altyd ’n positiewe ervaring vir die swart werkers wie se daaglikse realiteit ’n stryd teen omvattende en sistemiese ongeregtheid en diskriminasie was nie.

Die verrassende einde van die roman laat die leser met gemengde gevoelens; deels ontugtering oor die verreikende gevolge van jare lange verbittering en miskening van regte, asook ’n stadiggroeiende begrip vir díf wat Puleng gedoen het.

4. Gevolgtrekking

Daar is nie 'n beter manier waarop die boodskap van apartheid se leed en verlies gestel kan word as deur fiksie nie, en Bezuidenhout se roman as deel van postapartheidliteratuur dra by tot 'n ryker regsletterkundige verkenning van die impak van apartheid. Bowenal is die roman gemoeid met kontemporêre biomediese navorsing wat die grense van moraliteit en wetlikheid uitdaag. *Die waarde van stil bure* wys nie alleen hoe mense se verlede en hul belewenis van hul sosiokulturele konteks hul gedrag kan vorm nie, maar verskaf ook 'n verruimende insig in die motief vir hul optrede, wat lesers se blindelinge waarde-oordele summier ophef, in hierdie geval met betrekking tot Magdaleen se promiskuïteit en haar orkestrasie van 'n onwettige operasie. Terselfdertyd verskaf die roman 'n alternatiewe invalshoek en lens vir 'n meer genuanseerde besinning oor die komplekse wêreld van stamselnavorsing en -oorplanting, met die sterk boodskap dat die skeidslyn tussen reg en verkeerd nie altyd duidelik is nie en dat dit soms beter is om onverantwoordelik en reg te wees as verantwoordelik en verkeerd.

Bibliografie

- De Villiers, J. 2019. Prolegomenon on the role of the polyphonic novel for (animal) law: J.M. Coetzee's *The lives of animals*, the voice of refusal, and the subversive performativity of the novel. *Law and Literature*, 31(3):1–26.
- Labuschaigne, M. 2021. “The good, the bad and the ugly”: 'n Regsletterkundige besinning van Von Meck se *Die heelal op my tong*. *LitNet Akademies*, 18(2):654–83.
- Mahomed, S. en M.N. Slabbert. 2012. Stem cell tourism in South Africa: The legal position. *Journal of Bioethics and Law*, 5(2):69–73.
- Minister van Gesondheid. 2012. Regulations relating to the use of human biological material. Regeringskennisgewing 177, *Staatskoerant*, 35099. Pretoria: Staatsdrukker.
- National Department of Health. 2015. Ethics in health research: Principles, processes and structures. [https://www.ru.ac.za/media/rhodesuniversity/content/ethics/documents/nationalguidelines/DOH_\(2015\)_Ethics_in_health_research_Principles,_processes_and_structures.pdf](https://www.ru.ac.za/media/rhodesuniversity/content/ethics/documents/nationalguidelines/DOH_(2015)_Ethics_in_health_research_Principles,_processes_and_structures.pdf) (26 Mei 2022 geraadpleeg).
- Pepper, M. en M. Slabbert. 2015. Human tissue legislation in South Africa: Focus on stem cell research and therapy. *South African Journal of Bioethics and Law*, 8(2):4–11.
- Pepper, M.S., C. Gouveia en M.N. Slabbert. 2015. Legislation governing pluripotent stem cells in South Africa. *South African Journal of Bioethics and Law*, 8(2):23–31.
- Slabbert, M.N. en M.S. Pepper. 2015. A global comparative overview of the legal regulation of stem cell research and therapy: Lessons for South Africa. *South African Journal of Bioethics and Law*, 8(2):12–22.

South African Health Products Regulatory Authority (SAHPRA). 2019. SA guide to good manufacturing practice for medicines. <https://www.sahpra.org.za/good-manufacturing-practices-guidelines> (9 Maart 2022 geraadpleeg).

South African Medical Association Research Ethics Committee (SAMAREC). 2015. Standard operating procedures and guidelines for the ethics evaluation of clinical trials in humans. <https://www.samedical.org/images/our-people/SAMAREC%20SOP%20updated%20Feb%202015.pdf> (8 Maart 2022 geraadpleeg).

Thompson, N. 2012. Follow the reader: Literature's influence on law and legal actors. Honneursverhandeling, Universiteit van Otago.

University of Nebraska Medical Center. 2022. Types of stem cells. <https://www.unmc.edu/stemcells/educational-resources/types.html> (7 Maart 2022 geraadpleeg).

Van Marle, K. 2018. Modernities and the making of worlds. *Law and Literature*, 30(1):11–28.

West, R. 1993. *Narrative, authority and the law*. Ann Arbor, MI: University of Michigan Press.

Eindnotas

¹ Labuschaigne (2021:658–60).

² Thompson (2012:13–46).

³ Labuschaigne (2021:659).

⁴ De Villiers (2019:1–3).

⁵ Van Marle (2018:19–21).

⁶ Labuschaigne (2021:659–60).

⁷ West (1985:424).

⁸ Labuschaigne (2021:660).

⁹ Labuschaigne (2021:658–62).

¹⁰ Pepper en Slabbert (2015:5).

¹¹ Mahomed en Slabbert (2012:70).

¹² University of Nebraska Medical Center (2022).

¹³ Pepper, Gouveia en Slabbert (2015:25).

¹⁴ Mahomed en Slabbert (2012:70).

¹⁵ Die Engelse weergawe van die wet is die amptelike weergawe; hierna verwys ons daarna as die Gesondheidswet of Wet 61 van 2003.

¹⁶ Art. 72(1)) en 73.

¹⁷ National Department of Health (2015: par. 1.6).

¹⁸ Art. 57(4).

¹⁹ Art. 57(2).

²⁰ Art. 57(5).

²¹ Art. 57(6)(b).

²² Art. 54, 55 en 56.

²³ Gepubliseer onder Regeringskennisgewing R177 in die *SK* van 2 Maart 2012, en uitgevaardig ingevolge art. 68 van die Gesondheidswet.

²⁴ Reg. 2.

²⁵ Reg. 3.

²⁶ Reg. 9.

²⁷ *Ibid.*

²⁸ Art. 56(2)(a)(iv), 57(3) en 57(4).

²⁹ SAMAREC (2015).

³⁰ Slabbert en Pepper (2015:13).

³¹ SAHPRA (2019).